**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer: 2663/2009

In die saak tussen:-

**KARL MEINERT PFISTER** Eiser

en

**DIE PADONGELUKKEFONDS** Verweerder

---

**AANGEHOOR OP:** 15, 16 en 18 NOVEMBER 2011

---

**UITSPRAAK DEUR:** HANCKE, R

---

**GELEWER OP:** 15 DESEMBER 2011

---

[1] Eiser, gebore op 30 September 1975, dagvaar die verweerder vir die betaling van skadevergoeding ten bedrae van R5 814 221,30 tesame met rente en koste, welke skade veroorsaak is in 'n botsing op 26 Julie 2004, waarin eiser vry ernstige beserings opgedoen het.

[2] Verweerder het die meriete toegegee en ook onderneem om 'n onderneming ingevolge artikel 17(4)(a) van Wet 56 van 1996 aan eiser beskikbaar te stel.

[3] Die enigste aspekte in geskil is die eiser se quantum ten

opsigte van:

(a) Algemene skade; en

(b) Toekomstige verlies aan verdienste of verdienste-kapasiteit.

Dit blyk dat eiser R4 441 046,00 ten opsigte van toekomstige verlies aan verdienste/verdienste-kapasiteit en R1 miljoen ten opsigte van algemene skade vorder. Die vraag is dus wat is reg en billik in die omstandighede.

[4] Daar bestaan geen twyfel dat eiser vry ernstige psigiese en liggaamlike beserings opgedoen het. Volgens sy besonderhede van vordering sluit dit die volgende in:

(a) Kontusie van die brein, gepaardgaande met ‘n laserasie van die skedel;

(b) ‘n Hemo pneumo toraks aan die regterkant met retro-sternale bloeding;

(c) ‘n Lewer ruptuur bestaande uit ‘n lewer-laserasie intra hepaties, meer mediaal met ‘n klein hematoom;

(d) ‘n Barsfraktuur van die sesde servikale werwel welke besering chirurgies hanteer is met posterior fusie met behulp van instrumentasie vanaf die vyfde tot die

sewende servikale werwel;

(e) ‘n Ligamentbesering van die regtervoet, welke besering behandel is met ‘n emobilisasiespalk;

(f) Sagte weefsel besering van beide knieë;

(g) ‘n Tandbesering wat die bo- en die onderkaak en bo-en ondertande betrek het met ‘n laserasie van die tong.

[5] Daar is verder op hierdie besering uitgewei tydens die getuienis van Dr. H.A. Edeling, ‘n neurochirurg, Dr. C. Angus, ‘n kliniese- en neuro-psigoloog, en Mev. S. Van Jaarsveld, ‘n industriële sielkundige.

[6] Die ernstigste beserings blyk die hoofbesering en nekbesering te wees. Wat die nekbesering aanbetref, is die eiser behandel deur middel van ‘n skeletale traksie op die skedel. Die RT-skandering het ‘n barsfraktuur aan die anterior, middel en post-terior kolomme van die werwelkolom betrek en was daar ook fragmente wat na post-terior verplaas het. Sjirurgie is toegepas met ‘n post-terior fusie met behulp van instrumentasie vanaf die vyfde tot sewende servikale werwel. Die prosedure het sonder komplikasie verloop. Die eiser kan as gevolg van die nekbesering nie

swaar voorwerpe optel nie, nie lank met sy kop in dieselfde posisie sit nie en ook nie vir ‘n lang afstand ‘n voertuig bestuur nie. Hy vind dit moeilik om pasiënte te hanteer, is bang om ‘n voertuig te bestuur en om as ‘n passasier in ‘n voertuig te ry. Hy probeer om slegs kantoorwerk te doen.

[7] Dr. Fourie is die mening toegedaan dat die eiser 25% inkorting het, omdat daar uitskakeling van twee bewegingsvlakke as gevolg van die nekbesering was.

[8] Volgens Dr. Edeling het die eiser onder andere die volgende besering opgedoen:

> “A severe complicated brain injury with primary diffuse axonal injury complicated by left frontal focal cerebral contusion and by secondary brain injury.”

As gevolg van die breinbesering het hy ‘n “post traumatic organic brain syndrome” met “chronic cervicogenic headaches” tesame met “a combined neurological and psychological mood disorder” ontwikkel. Daar bestaan ‘n 5% moontlikheid dat die eiser post traumatiese epilepsie kan

ontwikkel. Dr. Edeling is verder van mening dat eiser sy uitvoerende funksies verloor het en getuig hy dat hy

> "... has lost what we call executive mental functioning. That is the functioning of the frontal lobes of one's brain to act as manager of one's life. The executive functions of the frontal lobes are to identify problems, to think of solutions to problems, to think of various plans and to make decisions as to which plan would be the best to adopt in a particular situation, to make choices about initiating an action, monitoring the cause of an action and stopping the action when it is successful... and his frontal lobes are deficient in that sense. Now because of that he fails to manage aspects of his life which normal people, irrespective of their intellectual capacity has the common sense to do. He fails at life in the same sense as a minor child would fail at life in the same sense that a minor child need a parent or a guardian to guide and remind etc. so does this man need that kind of protection."

[9] Wat die feitelike situasie betref, blyk dit dat eiser sedert 2005 tot 2010 'n paramedikus in diens van Nedcare 911 was. 'n Kennis en kollega van hom, Mnr. Wolhuter, getuig dat daar geen klagtes ten opsigte van die eiser ingedien was oor die wyse waarop hy sy werk gedoen het nie. Hy het wel

gesukkel om pasiënte te skuif of swaar voorwerpe op te tel en was hy aggressief en geïrriteerd. As gevolg van hierdie probleme is eiser na 'n administratiewe afdeling verskuif. Hy getuig egter dat eiser nie oor die vermoë beskik het om 'n situasie op te som en aan die hand daarvan besluite te neem of deur te voer ten opsigte van die behandeling wat hy moes toepas nie. Dit plaas ietwat van 'n vraagteken ten opsigte van eiser se sogenaamde gebrek aan uitvoerende funksionering (executive functioning).

[10] Dit blyk dat die getuienis van Dr. Angus, 'n sielkundige, wat die eiser ondersoek het dat die eiser ly aan "moderate level of depression". Dr. Angus kom dan tot die volgende gevolgtrekking:

> "The neuropsychological profile indicates various cognitive problems in specific areas indicating possible diffuse brain damage including: fluctuating attention and concentration, especially with more complex lengthy material; varying degrees of difficulty with verbal new learning, especially if the information is lengthy (affected by fluctuations in concentration) and memory problems, including information overload; global retrieval difficulties as well as serious problems with double conceptual

> tracking. He also has problems indicative of frontal lobe damage, ie the mild problems mentioned with confabulation, perseveration and inclusion, ie self monitoring and problems with planning and organisational with more complex material."

[11] Dit is gemene saak dat die eiser 'n entoesiastiese en gedissiplineerde brandweerman was wat groot ambisie gehad het en selfs na die buiteland wou gaan om sy droom aldaar na te streef. Daar is geen twyfel dat die ongeluk 'n ernstige impak op sy lewe gehad het. Hy kon as gevolg van die ongeluk nie meer rugby of sokker speel nie, maar het hy na die ongeluk in die gimnasium oefeninge gedoen. Hy en sy voormalige vriendin se paaie het geskei, maar het hy intussen 'n verhouding met 'n nuwe meisie aangeknoop. Hy is nie afhanklik van enige persoon om sy daaglikse aktiwiteite te verrig of na homself om te sien nie.

**ALGEMENE SKADEVERGOEDING**

[12] In aggenome al die feite en omstandighede is hierdie hof geroepe om 'n bedrag aan die eiser toe te ken wat in die omstandighede billik is teenoor beide partye. **DE JONGH v DU PISANIE N.O.** 2005 (5) SA 475 (HHA) te 471 H en

verder.

[13] Vervolgens sal verwys word na vergelykbare beslissings en aan die hand daarvan 'n beraming van eiser se skade gemaak word:

1. **<u>MONAMODI v ROAD ACCIDENT FUND</u>** 2007:

   'n 39-Jarige vrou wat ernstige breinbeserings opgedoen het, fraktuur van die ribbes, tibia en fibula en ernstige letsels.

   'n Bedrag van R850 000,00 word toegeken.

2. **<u>OPPERMAN v ROAD ACCIDENT FUND</u>**:

   'n 26-Jarige man het 'n ernstige breinbesering asook verskeie ortopediese beserings en frakture, insluitende van die linkerheup, knie asook nekbeserings.

   R800 000,00 word toegeken.

3. **<u>KRIEL N.O. v ROAD ACCIDENT FUND:</u>**

   'n Vrou in haar laat twintigs wat ernstige breinbeserings opgedoen het, gesigsfrakture, nekbeserings, uitgebreide frakture. Gaan gepaard met persoonliksversteurings, wisselende gemoedstoestand en chroniese hoofpyne.

   'n Bedrag van R700 000,00 toegeken.

Bogemelde sake is ongerapporteer en die feite blyk uit ‘n bundel wat deur Mnr. Strydom, die eiser se advokaat, beskikbaar gestel is.

4. **DE JONGH v DU PISANIE N.O.**, *supra*:

‘n 35-Jarige man – verskeie kneusings aan die nek, rug, regterskouer, gewrig, regterknie en regter-enkel. ‘n Skoueroperasie is ondergaan en sou hy na verwagting verdere ortopediese operasies ondergaan. Die beserings gaan gepaard met aansienlike pyn, ongerief en gedeeltelike ongeskiktheid gepaardgaande met hoofpyn en pyn in die nek, skouer, knie, enkel en lae rug. Die ernstigste besering is ‘n uitgebreide, verbrokkelde frontale skedelfraktuur wat tot in die oogkaste en die wangbene gestrek het. Hierdie besering het ‘n ekstra durale hematoom tot gevolg gehad wat bewusteloosheid veroorsaak het. Dit is die dag na die ongeluk sjirurgies verwyder, waarna hy maande in hospitale moes deurbring. Die skedelfraktuur het gepaardgegaan met onderliggende breinskade wat tweërlei van aard was. Eerstens,

ekstensiewe fokale skade aan beide frontale sowel as beide temporale lobbe van die brein en tweedens, diffusie konkussiewe skade wat die hele brein betrek het. Dit het veroorsaak dat hy 'n persoonlikheidsverandering ondergaan het met inkorting van sy verstandelike vermoë. Hy het ook sy reuk- en smaaksin verloor en as gevolg van die breinbesering het hy epileptiese aanvalle gekry.

Die hof *a quo* het 'n bedrag van R400 000,00 toegeken wat op appèl verminder is na R250 000,00 wat tans ongeveer R372 000,00 beloop.

5. **DE VRIES N.O. v THE MINISTER OF SAFETY AND SECURITY**, **The Quantum of Damages in Bodily and Fatal Injury Cases**, deur Corbett & Honey, Vol V, p. B4-213. Vry ernstige beserings wat die algemene skadevergoeding R300 000,00 in Oktober 2006 beloop het, huidige waarde R426 219,50.

6. **HURTER v ROAD ACCIDENT FUND AND ANOTHER,** Corbett & Honey a.w., Vol VI, p. A4-12. Algemene skade van R500 000,00 gedurende 2010 toegeken. Huidige waarde R530 000,00.

7. **KHUMALO v ROAD ACCIDENT FUND**, Corbett & Honey a.w., Vol VI, p. A4-26. Algemene skadevergoeding van R420 000,00 toegeken. Huidige waarde R445 203,60.

[14] Indien die huidige beserings van die eiser vergelyk word met die beserings wat die persone opgedoen het in die sake hierbo na verwys, meen ek dat 'n bedrag van R450 000,00 algemene skadevergoeding in die omstandighede redelik en billik is.

**VERLIES AAN TOEKOMSTIGE INKOMSTE:**

[15] Berekening hiervan bestaan uit drie komponente, naamlik:

15.1 'n Berekening van die eiser se pre-ongeluk inkomstepotensiaal;

15.2 'n Berekening van die eiser se post-ongeluk inkomstepotensiaal; en

15.3 Die gebeurlikhede wat in elke geval van toepassing moet wees.

[16] Wat die pre-ongeluk inkomstepotensiaal betref, het die bedryfsielkundiges namens die eiser en die verweerder,

naamlik Mev. Van Jaarsveld en Dr. Wortley, na aanhoor van die getuienis van die eiser, 'n gesamentlike verslag voorberei wat as 'n bewysstuk ingehandig is. Daaruit blyk dit dat hulle eens is dat die eiser se inkomstepotensiaal ooreenstem met Patterson Vlak C1. Verder is die bedryfsielkundiges dit eens dat die eiser tot en met die pos van "divisional officer" sou gevorder het, wat die ekwivalent is aan Patterson Vlak C5. Die eiser sou op vier jaar met intervalle bevorder word en sy plafon aan Patterson Vlak C5 bereik teen die jaar 2020. Hy sou gewerk het tot en met die normale aftree-ouderdom van 65 jaar.

[17] Wat pre-ongeluk gebeurlikhede betref, het Mnr. Zietsman verwys na die handboek **The Quantum Yearbook 2011** deur Dr. Robert J. Koch, bladsy 104, wat voorstel dat 'n ½% per jaar tot en met aftree-ouderdom van toepassing is. Sien ook **<u>BOTHA v SANTAM</u>**, Corbett & Honey a.w., Vol V, B4-39 te B4-45 e.v. In die geval van die eiser waar daar 'n tydperk van 30 jaar ter sake is, beloop hierdie gebeurlikheidskoers 15%.

[18] Wat die post-ongeluk inkomstepotensiaal betref, is die bedryfsielkundiges dit eens dat die eiser as gevolg van die

beserings wat hy opgedoen het in die ongeluk, in alle waarskynlikheid nie wesenlike verhogings sou ontvang het nie, dat hy tans bevredigende diens verrig en indien sy huidige werknemer voortgaan om hom te akkommodeer, sal hy in alle waarskynlikheid kan verwag om permanent aangestel te bly. Hulle kwalifiseer egter die stelling deur te meld dat die toekoms onsekerhede inhou en dat daarvoor voorsiening gemaak moet word deur middel van gebeurlikhede. Dit blyk verder dat die eiser se huidige vergoeding soortgelyk is aan Patterson Vlak C1 en dat die werk wat hy tans verrig, elemente bevat van die soorte werk wat val in die kategorie van Patterson B5 – C1; indien die eiser egter, om welke rede ookal, sy huidige werk sou verloor, is die deskundige getuies van mening dat hy nie ongeskik is nie, met ander woorde, die eiser sal weer die arbeidsmark kan betree. Die bedryfsielkundiges kwalifiseer egter hierdie stelling deur te meld dat daar uit die aard van die saak voorsiening gemaak moet word vir gebeurlikhede, aangesien die eiser se werkgewer voorsiening sal moet maak vir eiser se tekortkominge.

[19] By die vasstelling van skadevergoeding is dit van belang om te let op wat gesê is in **SOUTHERN INSURANCE**

**ASSOCIATION LTD v BAILEY NO** 1984 (1) SA 98 (A) te 113 G – 114 A:

> "Any enquiry into damages for loss of earning capacity is of its nature speculative, because it involves a prediction as to the future, without the benefit of crystal balls, soothsayers, augurs or oracles. All that the Court can do is to make an estimate, which is often a very rough estimate, of the present value of the loss."

[20] Faktore wat in aggeneem word by gebeurlikhede is daar twee kategorieë van toepassing. Eerstens die gewone gebeurlikheidsfaktore, byvoorbeeld lewensverwagting, inkomstestygings, inflasiekoers, belasting en rente. In die aktuariële berekening van Dr. Koch is hierdie aspekte reeds voldoende in aggeneem.

[21] Ten opsigte van die tweede kategorie faktore ("general contingencies") moet die volgende getuienis in ag geneem word: Mev. Van Jaarsveld het in haar verslag tot die gevolgtrekking gekom dat die eiser waarskynlik binne die volgende vyf tot tien jaar afgelê kan word. Na aanhoor van die getuienis van Mnre. Van Zyl en Wolhuter, het Mev. Van

Jaarsveld en Dr. Wortley gesamentlik ‘n verslag uitgebring tot die effek dat indien eiser sy werk as para-medikus sou verloor, sal hy nie ongeskik wees om verdere werk in die arbeidsmark te verrig nie. Daar moet egter voorsiening gemaak word vir die moontlikheid dat eiser sy werk kan verloor, dat hy vir ‘n tydperk werkloos kan wees voordat hy weer ‘n betrekking kan bekom. Dit moet in gedagte gehou word dat weens regstellende aksie hierdie tydperk langer as gewoonlik kan wees. Die getuienis van Wolhuter was tot die effek dat eiser se huidige werknemer tans besig is met herstrukturering, wat ‘n invloed op eiser se toekoms kan hê. Verder moet in aggeneem word dat eiser vir ‘n tydperk van vyf jaar na die ongeluk die werk van ‘n para-medikus verrig het.

[22] Die berekeninge van verlies aan inkomste word uiteengesit in die verslag van Mnr. Jacobson . Die verlies van verdienste vir die verlede is R354 676,00 volgens daardie verslag. Wat toekomstige verlies aan verdienste betref, moet op die getuienis aanvaar word dat die eiser sou werk tot by aftree-ouderdom van 65 jaar. As dit nie vir die ongeluk was nie, sou eiser volgens Mnr. Jacobson R3 111 219,00

verdien het. Daarvan moet 30% gebeurlikhede afgetrek word. In aggenome al die feite, positiewe en negatiewe faktore, is ek van mening dat ‘n gebeurlikheidspersentasie van 30% ten opsigte van post-ongeluk redelik en billik is. Sien **<u>BOTHA v SANTAM</u>**, *supra*.

[23] Wat die berekening van die aktuaris, Mnr. Jacobson, betref, moet daar dus ‘n regstelling plaasvind ten opsigte van die post-ongeluk inkomstepotensiaal. Indien 30% gebeurlikhede afgetrek word (wat R933 366,00 beloop) gee dit ‘n totaal van R2 177 853,00. Die ander aspekte en berekenings, onderhewig aan wat hierintevore gemeld is, is nie in geskil nie.

[24] Eiser se totale skadevergoeding word dus soos volg saamgestel en bereken:

| | |
|---|---|
| Verlies aan verdienste | R354 676,00 |
| Toekomstige verlies aan verdienste | R2 868 173,00 |
| Algemene skadevergoeding | R450 000,00 |
| TOTAAL | <u>R3 672 849,00</u> |

[25] Die eiser het ‘n konsepbevel voorberei. Behalwe dat die bedrag in paragraaf 1 R3 672 849,00 in plaas van R5 180

882,00 moet wees, is dit origens in orde.

[26] **BEVEL:**

Bygevolg word vonnis ten gunste van die eiser teen die verweerder verleen vir die bedrag van R3 672 849,00 asook ‘n bevel ingevolge paragrawe 2 tot 4 van die konsepbevel hierby aangeheg.

**S.P.B. HANCKE, R**

Namens die eiser: Adv. Gerhard J. Strydom SC
In opdrag van:
Schoeman Maree Ingelyf
BLOEMFONTEIN

Namens die verweerder: Adv. P.J.J. Zietsman
In opdrag van:
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

/sp

**IN THE FREE STATE HIGH COURT, BLOEMFONTEIN**
**(REPUBLIC OF SOUTH AFRICA)**

Case No. : 2663/09

In the matter between:-

**K M PFISTER** Plaintiff

and

**ROAD ACCIDENT FUND** Defendant

---

**DRAFT ORDER**

---

**HAVING** heard counsel and having read the papers filed of record, the following order is granted:

1. The defendant is ordered to pay the plaintiff's attorney of record the sum of R3 672 849 (THREE MILLION SIX HUNDRED AND SEVENTY TWO THOUSAND EIGHT HUNDRED AND FOURTY NINE RAND) to be held in an interest bearing trust account pending the formation of a trust for the benefit of the plaintiff, Karl Meinert Pfister (born on the 30th of September 1975), and to be paid over to the trustees of such trust upon the formation thereof.

2. The defendant is ordered to furnish the plaintiff with an undertaking as envisaged in terms of the provisions of Section 17(4)(a) of the Road Accident Fund Act, Act 56 of

1996, in respect of the costs of the future accommodation of the plaintiff in a hospital or nursing home or treatment of or rendering of a service to him or supplying of goods to him arising out of the injuries sustained by him in a motor vehicle collision which occurred on the 26th of July 2007, *inter alia* as set out in the expert witness reports of the expert witnesses listed in paragraph 4 hereinafter.

The costs aforesaid shall further include the costs in respect of the creation and administration of a trust to be formed in order to manage and administer the compensation payable to the plaintiff referred to in paragraph 1 hereinbefore, upon such costs having been incurred , which costs shall be limited to the costs and fees chargeable by *curators bonis*.

3. The plaintiff's attorneys, Schoeman Maree Incorporated, are ordered to:

   3.1 Cause a trust to be established in accordance with the provisions of the Trust Property Control Act No. 56 of 1988;

3.2 Invest the nett capital amount referred to in paragraph 1 hereinbefore upon payment thereof to the plaintiff's attorneys in terms of Section 78(2) of the Attorneys Act 53 of 1979 for the sole benefit of the plaintiff;

3.3 Ensure that the Trust instrument, contemplated in paragraph 3.1 hereinbefore, make provision for the following:

3.3.1 The plaintiff to be the sole beneficiary;

3.3.2 The nomination of a first trustee;

3.3.3 The trustee of the trust to be formed to take all the requisite steps to secure an appropriate bond of security to the satisfaction of the master of the High Court for due fulfilment of his obligations and ensure that such bond of security be submitted to the Master of the High Court at the appropriate time as well as to all other interested parties;

3.3.4 The remuneration of the trustee at a rate

equivalent to (and not exceeding) that of a *curator bonis* as contemplated in the Administration of Estates Act, 166 of 1965;

3.3.5 The duty of the trustee to disclose any personal interest in any transaction involving the trust property;

3.3.6 The exclusion of contingent rights of the beneficiary in the event of cession, attachment or insolvency of the beneficiary, prior to the distribution or payment thereof by the trustee to the beneficiary;

3.3.7 Procedures to resolve any deadlock between a trustee subject to the review thereof by this Court;

3.3.8 The termination of the trust only upon the death of the plaintiff in which event the trust property shall pass to the estate of the plaintiff;

3.3.9 The amendment of the trust implement to be subject to the leave of the Court.

3.4 The provisions referred to in paragraph 3.3 hereinbefore shall, in accordance with the provisions of the Trust Property Control Act aforesaid, where necessary, be subject to the approval of the master.

4. The defendant is ordered to pay the plaintiff's party and party costs on the High Court scale, which costs are to include the costs of senior counsel as well as the preparation, qualifying and attendance fees (if any) of the below listed expert witnesses:

4.1 Dr J J Fourie (orthopaedic surgeon);

4.2 Dr H J Edeling (Neurosurgeon);

4.3 Dr C Angus (clinical and neuropsychologist);

4.4 Mrs S van Jaarsveld (industrial psychologist);

4.5 Mr G Jacobson (actuary).

BY THE COURT

REGISTRAR